



1  
Ster



2  
Ster



3  
Ster



4  
Ster



ERMELO  
Fotoklub

IN KAMERA

5  
Ster

EFK Nuusbrief - Januarie 2025

Ermelo Fotoklub is in  
trotse verbintenis met die



Photographic  
Society of South Africa

## PSSA Salonkalender

08 Feb	13th National AFO Salon 2025
22 Feb	ACC 3rd Digital Salon 2025
08 Mrt	PSSA National Salon of Photography 2025
15 Mrt	8th Bosveld Fotografieklub Salon 2025
22 Mrt	1st Hillcrest Camera Club Digital Salon
05 April	7th Paarl National Salon of Photography
19 April	9th MFFC PDI Salon 2025
03 Mei	SSCC 8th National PDI Salon 2025
17 Mei	PECC National Salon
31 Mei	3rd Kriel Foto Club Salon
07 Junie	1st Ballito Photo Club National Salon
14 Junie	TAF 14th Print & PDI Salon
21 Junie	PSSA 27th Up and Coming

## Verjaarsdae

Alexis Nel - 2 Feb  
George Labuschagne - 5 Feb  
Mari Kruger - 16 Feb  
Palesa Pobe - 27 Feb

## VOORBLAD

**Confetti** (links bo)  
1 Ster- en Jnr-maandwenner  
Leahanna van der Merwe

**Taking a Break** (regs bo)  
2 Ster-wenner  
Talita Coetzer

**Cheers** (links middel)  
3 Ster-wenner  
George Labuschagne

**Lonely** (regs middel)  
4 Ster-wenner  
Annamarie du Preez

**Crocodile with Buffalo meat** (onder)  
5 Ster- en Snr-maandwenner  
Jan van Niekerk

## KLUBNUUS

Hartlik geluk aan elkeen wat 'n prys ontvang het by ons prysuitdeling vir 2024!

Baie geluk aan JW en Leahanna wat bevorder word na 2 ster.

Onthou asb. om julle COM en medalje-foto's vir Mari te stuur vir die nuusbrief asook enige persoonlike inligting verander het. Stuur dit na [fotoklub.ermelo@gmail.com](mailto:fotoklub.ermelo@gmail.com)

Ledegeld moet voor die einde van Mei betaal word. **Ledegeld vir 2025 bly dieselfde:**

Aansluitingsfooi R120; Enkellid R400; elke addisionele lid per gesin R200; skoliere slegs eenmalige aansluitinsfooi van R120.

Bankbesonderhede:  
Ermelo Fotoklub  
FNB Ermelo - 270 344  
Tjek: 624 0155 1777  
Verwysing: naam en van

Ons volgende byeenkoms is Vrydag die 14de Februarie by NG Kerk De Bruinpark om 19:00. Onthou om jou eie koffiebeker of wynglas saam te bring. Ons hou alegemene jaarvergadering.

Sien julle daar!

# INHOUDSOPGAWE

01  
02  
03  
04  
05  
08  
10

- Voorblad - Januarie wenners
- Salonkalender
- Inhoudsopgawe
- Vasgestelde Onderwerpe
- Makro
- Bethal Salon
- Puntestand

## EFK BESTUUR 2025

7 Nominasies is ontvang waarvan 6 skriftelik aanvaar is. Aangesien slegs 6 van die 7 genomineerdes hulle bereidwilligheid aangedui het gaan daar hierdie jaar nie 'n stemming plaasvind nie. Die EFK Bestuur vir 2025 sal op die AJV aangekondig word.

Dankie vir elkeen se bydrae.

# KLUBBYEENKOMSTE

- 14 Februarie 2025 - AJV
- 14 Maart 2025 - Hanli Smit
- 11 April 2025
- 12 April - Werkswinkel: speelgoed

- ★★★★★ Adele Smit
- ★ Alexis Nel
- ★★★★★ Andrew Roos
- ★★★★★ Annamarie du Preez
- ★★★★ Annise Smit
- ★ Ashley Potgieter
- ★★ Bianca Breytenbach
- ℳ Christa Strauss
- ★★ Ere Dalena van der Westhuizen
- ★★★★ Dirkie van Staden
- ★★ Elmo Smalberger
- ★ Este Kapp
- ★★★ George Labuschagne
- ★★★★ George Prinsloo
- ℳ Gert Kotze
- ℳ Hardus Pieters
- ℳ Jacques Kruger
- ★★★★ Ere Jan Ellis
- ℳ Jan van Niekerk
- ★★★★★ Jeanine Smalberger
- ★★★★ Johan Pieters
- ★ Judy Cronje
- ★★ JW Koekemoer
- ★★ Leahanna van der Merwe
- ℳ Leon Drotsky
- ★★ Marcel Kruger
- ★★★★★ Mari Kruger
- ★ Marina van Niekerk
- ★★ Palesa Pobe
- ℳ Rosa van Schalkwyk
- ★★ Talita Coetzer
- ℳ Thinus van Schalkwyk
- ★★ Tia Labuschagne
- ★★★★ Tina de Villiers
- ★★★★ Venetia Rose
- ★ Wandile Ngwenya
- ℳ Willma Labuschagne
- ★★ Zanelle Schmidt





# VASGESTELDE ONDERWERPE 2025

JANUARIE *Broken Glass*

1-3★ Bianca Breytenbach *Shattered (links bo)*

4★-M Jacques Kruger *Wynglas (regs bo)*

FEBRUARIE *Makro*

MAART *Automotive parts*

APRIL *Styled pet portraits*

MEI *Children's Toys*

JUNIE *Selective/Spot Colour*

JULIE *Pairs*

AUGUSTUS *Silhouettes*



## Werkswinkel 2025!


Ons hou 'n praktiese werkswinkel op 12 April 2025 by Ligbron. Die vasgestelde onderwerp vir Mei is "kinder speelgoed" en hierdie gaan 'n lekker geleentheid wees om te leer hoe om kreatiewe beligting te gebruik, terwyl jy 'n speelding of twee afneem.

Foto van [toyphotographers.com](http://toyphotographers.com)

# Makro FOTOGRAFIE



Die geheim van makrofotografie is om die balans te vind tussen beskikbare lig en optimum diepte van veld.

Onderwerpe vir Makrofotografie is baie klein en vir daardie rede is vlak diepte van veld die makrofotograaf se grootste uitdaging. Met klein onderwerpe moet die fotograaf so na as moontlik aan die onderwerp kom, om soveel moontlik detail vas te vang. Die gevolg van naby afneem is dat die diepte van veld geweldig afneem. Die fotograaf moet dan 'n telefotolens of makro-lens gebruik om die onderwerp so groot as moontlik op die kamera se sensor te projekteer. Met die gebruik van 'n langer lens (gewoonlik 100mm of meer) word die diepte van veld vlakker. Die gevolg is dat wanneer mens makrofoto's neem poog die fotograaf om die lensopening (Aperture) so klein as moontlik te maak om die diepte van veld meer te kry.



Die probleem is dat die beskikbare lig nie altyd genoeg is om met 'n baie klein lensopening te neem nie.

Om meer lig op die onderwerp te kry kan 'n kameraflits (flash) gebruik word. Die kameraflits help om teen 'n kleiner lensopening te neem en ook om die ISO laer te maak. Deur by 'n laer ISO te neem is daar minder "noise" op die foto en dit laat die fotograaf toe om die foto meer te masker (crop) om die onderwerp groter te projekteer. Dit is wel belangrik om die lig van die kameraflits te versprei deur 'n "diffuser" te gebruik. Met die kameraflits alleen (veral in lae lig toestande) gaan die lig baie hard wees op die onderwerp, wat moontlik onnatuurlik gaan voorkom. Die kameraflits se lig kan versprei word deur net 'n stukkie dun spons, waspapier of wit materiaal voor die kameraflits te monteer.



Distance= 20 ft

Distance= 5 ft

Die maklikste vorm van makrofotografie is net om 'n telefotolens te gebruik. 'n 300mm lens is voldoende om onderwerpe van 20mm en groter af te neem. Die tegniek is basies om soveel moontlik in te zoom, die kamera so stil moontlik te hou, met die kleinste moontlike lensopening en die foto op die lens se minimum fokusafstand te neem. Die gebruik van 'n driepoot sal die resultate vir seker verbeter indien dit prakties moontlik is. Andersins moet die sluiterspoed hoog genoeg wees om te verseker dat die foto skerp is.



#### *Colourful*

Kamera: Canon EOS 600D

Lens: Tamron 70-300mm f4/6.3 Di VC USD

Sluiterspoed (Shutter speed): 1/500

Lens opening: f8

ISO: 200

Driepoot: Nee

Kameraflits: Nee



Makrolense is normaalweg duur. Die alternatief is om 'n kort lens (gewoonlik 30mm tot 60 mm) saam met verlengbuise (extension tubes) te gebruik (sien voorbeeld hierbo). Die doel van die verlengbuise is om die minimum fokus afstand van die lens te verkort. Gevolglik kan die fotograaf baie nader aan die onderwerp kom met 'n gewone lens om meer detail vas te vang. Die verlengbuise word tussen die kamera en die lens gemonteer. Hierdie tegniek is baie effektief vir wanneer die fotograaf nog nie seker is of hy/sy 'n groot bedrag wil spandeer op 'n makrolens nie. Een nadeel met die gebruik van verlengbuise is dat die fokus bandwydte beperk is (gewoonlik 10cm tot 20cm afhangende van die lens en lengte van die verlengbuise). Die fotograaf moet dus 'n gevoel kry van die afstand waar die kamera kan fokus en waar nie. AF (Autofokus) verlengbuise word aanbeveel, sodat die lens nie normale AF funksie verloor nie.

#### *Morning drink*

Kamera: Canon EOS 600D

Lens: Canon 50mm f1.8 STM met 21mm verlengbuis

Sluiterspoed: 1/200

Lens opening: f11

ISO: 100

Driepoot: Nee

Kameraflits: losstaande flits (*off camera*)



Die makliker manier is dan om in 'n makrolens te belê wat ontwerp is vir hierdie spesifieke doel. Die foto van die vlieg (*Dung Fly*, heel bo) is met 'n 100mm makrolens geneem met kameraflits met diffuser.

Kamera: Canon EOS 90D

Lens: Canon 100mm f2.8 L USM

Sluiterspoed: 1/125

Lens opening: f11

ISO: 320

Driepoot: Nee

Kameraflits: Op kamera met diffuser



Om nog kleiner onderwerpe af te neem, kan verlengbuise saam met die makro lens gebruik word, wat die minimum fokus afstand van die makrolens verder verkort. (Voorbeeld: *Lice for lunch*, tweede van bo)

Om die diepte van veld verder te verbeter kan meer as een foto geneem word op verskillende vlakke van fokus. Sommige moderne kameras het 'n ingeboude funksie naamlik "focus bracket" wat die fotograaf in staat stel om 'n hele aantal foto's herhaaldelik te neem op verskillende vlakke van diepte van veld. Hierdie foto's kan dan saamgestel word deur sagteware van die kameravervaardiger of sagteware soos Photoshop te gebruik om een foto te skep. Die onderwerp kan dan in fokus geneem word van neus tot stert. Hierdie funksie werk gewoonlik nie saam met kameraflits nie, so dit moet met natuurlike lig geneem word. Dit word aanbeveel om die kamera op 'n driepoot te monteer wanneer foto's op verskillende fokusvlakke geneem word, maar dit is ook moontlik om dit uit die hand uit te doen. Die Kewer (tweede van onder) is geneem deur die kamera se ingeboude "focus bracket" funksie te gebruik.

Die alternatiewe metode is om die kamera op 'n driepoot te monteer en dan verskeie foto's op verskillende fokusvlakke te neem. Dit word gedoen deur of die kamera op 'n spoor te sit (*focus rail*) of die fokusring te gebruik om op meer as een vlak te fokus. Sommige fotograwe het al die tegniek be-meester om die kamera vorentoe en agtertoe uit die hand te beweeg om op meer as een vlak te fokus. Met hierdie tegnieke kan die kameraflits ook gebruik word. Diezelfde bogenoemde sagteware kan dan gebruik word om al die fokusvlakke saam te stel om die finale foto te verwerk. (*Acrobatics*, onder)

Kamera: Canon EOS 90D

Lens: Canon 100mm f2.8 L USM  
met 31mm verlengbuis

Sluiterspoed: 1/250

Lens opening: f11

ISO: 200

Driepoot: Nee

Kameraflits:

Op kamera met diffuser



Kamera: Canon EOS 90D

Lens: Canon 100mm f2.8L Macro

Sluiterspoed: 1/500

Lens opening: f5.6

ISO: 400

Aantal fotos: 7

Driepoot: Nee

Sagteware: Canon Digital

Photo Professional 4  
(Gratis sagteware)

Kameraflits: Nee



Kamera: Canon EOS 90D

Lens: Canon 100mm f2.8L Macro

Sluiterspoed: 1/160

Lens opening: f11

ISO: 100

Aantal fotos: 10

Driepoot: Ja

Sagteware: Photoshop CS6

Kameraflits: Op kamera met diffuser



# Bethal Salon

## Aanvaardings

Leon Drotsky - 9  
Hardus Pieters - 9  
Christa Strauss - 10  
Jan van Niekerk - 14  
Rosa van Schalkwyk - 13  
Gert Kotze - 4  
Johan Pieters - 1  
Adele Smit - 7  
Jeanine Smalberger - 7  
Jacques Kruger - 4

## COM's

### **Ma met Drie Kleintjies** (heel bo)

*Certificate of Merit*

*Nature No Birds*

Rosa van Schalkwyk



### **Brilwewer bou nes** (tweede van bo)

*Certificate of Merit*

*Nature Birds Only*

Jeanine Smalberger



### **Two Hoverflies** (tweede van onder)

*Certificate of Merit*

*Nature No Birds*

Christa Strauss



### **Wave of dust** (heel onder)

*Certificate of Merit*

*Sport*

Jacques Kruger

COM's vervolg op volgende bl...



Bethal COM's vervolg:

**Mother and the young (bo)**

*Certificate of Merit*

*Nature No Birds*

Jan van Niekerk



**Looking forward (tweede van bo)**

*Certificate of Merit*

*Sport*

Jan van Niekerk



**Assassin Fly (tweede van onder)**

*Certificate of Merit*

*Nature No Birds*

Jacques Kruger

**Vlekkie die boer (heel onder)**

*Certificate of Merit*

*Open Colour*

Adele Smit

**Prey in sight**

*Certificate of Merit*

*Nature Birds Only*

Hardus Pieters



**Cutting back aggressively**

*Certificate of Merit*

*Open Colour*

Hardus Pieters



